

**Skrifgedeelte: Daniël 7:1-19**

**Fokusgedeelte: Daniël 7:14**

Die wêreld is deurmekaar.

- Dis oorlogswinde wat waai ...
- Dis moorde en geweld ...
- Dis onrus tussen mense.

Is dit die duiwel wat regeer? Nee, en dit is die troos van die visioen wat Daniël sien. Eers is dit die skrikwekkende dier wat verslind en verskeur. Die belangrikste is egter God wat op die troon sit en die dier veroordeel. Dan sien Daniël die menslike Wese wat voor God verskyn.

- Hy word met eer en heerlikheid gekroon.
- Hy regeer tot in ewigheid.

Wie is hierdie menslike Wese? Christus verklaar: "... julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is ..." (Mark. 14:12). Aan Hom behoort krag, majesteit en heerlikheid tot in ewigheid. Hy regeer!

Voel u nou die troos? Al lyk dit of die duiwel op aarde los is, is dit Christus wat regeer ...

- Hy het ons kom optel op die slawemark van die sonde, en ons kinders van God gemaak.
- Hy is deur dood en graf om vir ons die ewige lewe te verwerf.

In alles regeer Hy. My probleme, my bekommernisse, is alles in sy hande, selfs al gaan ek deur donker dieptes. Sy regering oor my is 'n liefdesregering. So lief soos wat Hy my gehad het toe Hy vir my gesterf het, so lief het Hy my nou nog.

Kan ek dan anders as om in voorspoed dankbaar en in teenspoed geduldig te wees? Kan ek anders as om elke dag te smag na sy wederkoms wanneer Hy "my saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem"? (HK, antw. 52).

My Here Jesus Christus regeer!



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E16

**Hy regeer!**